



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Redes, nr. 46

METODE IN DIE PASTORAAT

Prof. J.J. van der Walt

Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp as Hoogleraar in die Departement Amptelike vakke aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op 24 Junie 1977.

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1978

METODE IN DIE PASTORAAT

1. INLEIDING

Wanneer daar in die Teologie van pastoraat gepraat word, kom die Bybelse beeld van die pastor, die herder, voor ons oë. Dié beeld vind sy hoogtepunt in Christus, die Goeie Herder (Joh. 10:11, 14) of die Opperherder (1 Petr. 5:4) van sy kudde, sy kerk.

Pastoraat is die sorg wat die herder aan sy skape bestee. Die doel van die pastoraat is om die sondaarmens in die weg van die geloof te lei sodat hy in die volle gemeenskap met Christus lewe. Volle lewe met Christus is: ten volle versorg wees. Die doel van die pastoraat deur mense in die kerk is om die kudde so te bedien dat hulle die sorg van die Opperherder ervaar.

Onder die metode van die pastoraat verstaan ons dan die wyse waarop die bediening plaasvind, en móét plaasvind, sodat dié doel bereik word.

2. SPANNING RONDOM DIE METODE IN DIE PASTORAAT

God moet deur die mens gedien word met sy intellek. Die diens geskied in bepaalde vorme. Maar sonder die krag van die ware geloof en van die Christelike liefde is die intellektuele en formele diens waardeloos. Vormdiens en verstandsgodsdienst is die dood van die diens van die Here.

Die oordele teen formalisme en intellektualisme tel onder die skerpste wat in die Heilige Skrif opgeteken staan (Matt. 23; Amos 5:21; Mal. 1:10 en verder; Rom. 2:17-19). Om dié rede kan psigologiese meganismes nooit die plek van geloof en bekering inneem nie.

Daar gaan stemme in die kerk op teen 'n liturgie wat „sleurwerk” (Van der Walt, 1977, p. 8) geword het, teen intellektualisme in die prediking (Jonker, 1976, p. 90) en teen „ampsoptoritiwisme” (De Klerk, 1975, p. 46) in die pastoraat. Van dié besware moet ernstig kennis geneem word. Die kerk is immers die lewende mense wat daaraan behoort. Gevolglik moet na elkeen met volle aandag geluister word. Maar alleen die nugtere gebalanseerdheid van die Bybel dien die kerk tot reformasie. Die eis tot balans spreek ook daaruit dat God die hele mens opeis in sy diens: hart, siel, krag en verstand. (Dit is opmerklik dat Christus, Matt. 22:37; Mark. 12:30; Luk. 10:27, „verstand” eksplisiet toevoeg aan Deutr. 6:5.) Hierdie gebalanseerde volheid van die mens in diens van God hou méér in as formalisme. Nie een deel van die volheid van menslike kragte of gawes mag uit die

diens van God geweer of daarvan weerhou word nie.

Teen dié agtergrond luister ons na die skerp kritiek wat die pastoraat bestempel as „bloedloos” (De Klerk, 1975, p. 3), of wat pleit dat dit van „aanmatiging” (Smit, 1960, p. 6) en „saaïheid” (Wagenaar, 1959, p. 12) verlos moet word.

3. DIE PASTORAAL-PSIGOLOGIESE METODE

In 'n poging om nuwe lewe in die pastoraat te bring, het J.G. Fernhout, H. Faber, E. van der Schoot en L.G. Wagenaar gedurende die vyftigerjare in Nederland aansluiting vir die Pastoraal gesoek by die metodes van die psigologiese wetenskappe. Hulle volg hiermee in die voetstappe van Amerikaners soos Outler, Boison, Niebuhr, Tillich, Rogers, Hiltner en Hulme.

Van die psigologiese wetenskappe word nie alleen empiriese gegewens oor die mens en sy handeling oorgeneem nie, maar ook metodes om die mens te beïnvloed. Fernhout het hom veral gewend tot die psigoterapeutiese metodes wat konsentreer op die mens se belewenisse in tye wanneer hy van koers af is en as persoonlikheid moet heroriënteer. Van der Schoot, Faber en Wagenaar het die redding van die pastoraal gesoek in 'n intermenslike gesprek wat gegrond is „op die psigiese werklikheid waarin die pastorale kontak gerealiseer moet word” (Wagenaar, 1959, p. 12).

Intussen het die vak pastorale psigologie (Gouloose, 1950) tot ontwikkeling gekom met die doel om aan die Pastoraal steun uit die Psigologie te bied.

In Suid-Afrika het veral W.A. Smit sedert 1947 geywer vir die integrasie van die psigologiese metodes in die Pastoraal omdat hy ontdek het dat hy „vir die veeleisende pastoraal ondoeltreffend opgelei was” (1960, p. 6). Binne die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het W.J. de Klerk (1975, voorwoord) die belangrikste stukrag geword om die Pastorale Psigologie te ontplooi. Hy het met woord en daad uitvoering gegee aan die ideaal wat hy in 1964 gestel het: „Die Sielkunde is nie alleen nuttig nie, maar noodsaaklik en as die kerk vandag waarlik die kudde wil lei sal die predikante en ouderlinge voortdurend opknappingskursusse in die pastorale sielkunde moet ontvang” (De Klerk, 1964, p. 92). De Klerk bring deur 'n proses van ekleksie die metodes van die Psigiatrie en Psigoterapie oor in die pastoraat (1975, p. 46). Die resultaat is dat hy die Skriftuurlike metode van die pastoraat, naamlik verkondiging van die Woord, met 'n vertekende voorstelling degradeer tot 'n onderdeel van die psigiatriese model van 'n intermens-

like gesprek (1975, p. 51). Die pastor moet hom „nie altyd geroepe voel om te verkondig nie”, sê hy, en „die verkondiging moet dialogies bly”. Met die stelling dat die pastor „deur sy medemenslike teenwoordig-wees-vir-die-ander... Christus teenwoordig stel”, sluit De Klerk nie aan by 'n Bybelse ampsbegrip en pastorale metode nie, maar by die Psigoterapie se aanspraak daarop dat die verhouding terapeut : pasiënt op sigself 'n bevrydende, genesende funksie het. (De Klerk, 1975, p. 47; 1964, p. 170). Die logiese gevolg bly ook nie uit nie. In dié pastorale gesprek is God op die agtergrond, die „Derde” (1975, p. 48) in die gesprek, terwyl die Bybel eers in die laaste instansie in die gesprek aan die woord kom (1975, p. 51).

Omdat die Psigologie by De Klerk die metode van die pastoraat ooreheers, vereis hy 'n intensiewe skoling in al die vorme van gespreksvoering: die reflektiewe, die eduktiewe, die interpretatiewe en die konfronteringsgesprek. So beland De Klerk se reaksie teen „intellektualisme, generalisme, formalisme, wettisisme, monologisme en ampsoutoritivisme” (1975, p. 46) die pastoraat in die skematisme van die sielkundige metodes (1975, p. 79). W.D. Jonker (1968) het reeds duidelik aangetoon dat die Amptelike Vakke nie toegepaste teologie is nie, en nog minder is dit „toepassing van die profane menswetenskappe op die teologiese terrein”.

Outler (1959, p. 136, 222) is beter gebalanseer wanneer hy verklaar dat die psigoterapie 'n mens slegs kan bring tot selfkennis, selfaanvaarding en selfhandhawing. Pastorale bediening moet 'n mens veel verder as sy „self” bring, want die selfbeskouing van 'n gelowige moet volkome rus in die liefde van God wat Hy in Jesus Christus aan ons bewys (Rom. 5:1-11). Die pastoraat is nie metodologies gerig op *selfontplooiing* nie, maar op *toerusting* van die geloof met die Woord van God sodat 'n mens homself sal ken in die lig van die versoening van Christus: verlos en nie verlore nie. Dáár-om sal die pastor hom nie blind staar op die sondedade nie. Maar in plaas daarvan om psigologies te soek na oorsake vir die sonde sal hy elke keer deurdring na die geloofsverhouding van die sondaar met God. Die Pastorale Psigologie wil die pastoraat rig op die „agtergrondspesifiek” (De Klerk, 1975, p. 67) wat die aanleidende oorsake tot die sonde vorm. Die Bybel leer dat die aanleidende oorsake of agtergrondspesifiek die verantwoordelikheid voor God en die verhouding met Hom nie wesenlik raak nie. Die mens is verantwoordelik vir sy *hantering* van die omstandighede. En juis omdat hy nie psigologies aan die omstandighede oorgelewer is nie, kan hy moed hou, want hy behoort met liggaam en siel aan Christus.

4. DIE TEOLOGIESE METODE

Sedert die begin van die sestiger jare het daar besliste reaksie gekom teen die integrasie van die sielkundige metodes in die Pastoraal. Die reformasie van die Pastoraal word gesoek in 'n teologiese metode.

D. Martyn Lloyd Jones noem die Psigologie „een van die mees subtiële gevare” (1964, p. 265) wat die geloof bedreig. Hy waarsku verder dat die gelowige nie mislei moet word om blote psigologiese meganismes aan te sien vir Christelike geloof nie. Dié meganismes faal in 'n werklike beproewing. Die kalmte van selfvertroue is heeltemal iets anders as die kalmte van geloofsvertroue.

Jay E. Adams verwerp die psigiatriese metodes in die pastoraat geheel en al. Hy het oortuig geraak van die onvermoë, valsheid en onbeholpenheid van die psigiatriese metodes toe hy in twee psigiatriese inrigtings in Amerika gewerk het. Hy vrees dat die pastoraat met dié metodes sal verval in humanisme in plaas van om die Evangelie te bedien. Daarom stel hy as uitgangspunt die vraag: watter voorskrifte gee Christus, die Hoof van die kerk? (1973(a), p. 29). Die Pastoraal moet verslawing aan die metodes van die nie-teologiese menswetenskappe afskud om 'n duidelike teologiese metode, doel en inhoud uit te bou uit die Bron van die Teologie, die Heilige Skrif. *C. Trimp* verklaar: „Adams bepleit in dit alles een eerherstel voor de Bijbel, die in de Zielszorg recht heeft op het eerste woord” (1975, p. 113).

In die getranskribeerde Nuwe Testamentiese woord „nouthetiese” konfrontasie vind hy die Bybelse metode van pastoraat. Hy transkribeer omdat die woord te ryk aan inhoud is vir gewone vertaling. In die Afrikaanse Bybel word dit gewoonlik vertaal met „vermaan”, maar daarmee word die geskakeerde betekenis van die woord nie weergegee nie.

Nouthetiese konfrontasie hou volgens Adams in:

- (i) Daar is iets verkeerd in die lewe van die persoon wat gekonfronteer word, en dit moet deur beïnvloeding van sy „nous”, sy verstand, reggestel word. Die woord fokus dus op die pastor én die lidmaat, en dui 'n metode aan waardeur God persoonlikheids- en gedragsverandering wil bewerk.
- (ii) Die nouthetiese konfrontasie geskied deur die gesproke woord. (En die pastor se gesproke woord is 'n bediening van God se Woord.) Dit kan 'n woord van bemoediging wees, wanneer bemoediging genoegsaam is. Maar dit is eintlik 'n woord van berisping wat verandering soek, konform die Bybel se voorskrifte. Hierdie verandering is die werk van die Heilige Gees. Dit geskied in die mens langs die weg van sondebelydenis, berou en bekering.
- (iii) Die motief van die nouthetiese konfrontasie is die heil van die

persoon. In die woord lê die gesindheid van ouerlike besorgdheid, soos dit na vore kom in 1 Kor. 4:14 waar Paulus skrywe: „Ek vermaan julle as my geliefde kinders”.

Adams plaas met sy nouthetiese konfrontasie die Pastoraal weer in ewewig met die pastoraat van Calvin, waarvan Benoit (1947) ons 'n duidelike beeld gegee het. In dié pastoraat word Bybelse antwoorde gegee op die mens se fisiese, sosiale, intellektuele en psigologiese behoeftes. Die Bybel is die outoritatiewe norm, enduit.

Ook S.J. Ridderbos merk ráák op dat die „deskundigheid” van die pastor eksegesi van die Skrif is, „verkondiging van die Bybelse boodskap ... dit is sy taak om uit te lê”. Dit is „die kern, die hart van die teologie” (1973, p. 9).

Christus staan sentraal in die nouthetiese konfrontasie. Hy is die *Eerste* gespreksgenoot. Sy opstanding, sê Adams, is die „hart” (1972, p. 63) van die nouthetiese pastorale gesprek. Christus is die Sender van die pastor en dus dié Subjek van die gesprek, terwyl Hy tegelykertyd ook die inhoud is (2 Tim. 2:8). Elke pastorale bediening wat Christus uit die sentrale plek uitdruk, het, na die mate waarin dit geskied, opgehou om Christelik te wees (Adams, 1973(a), p. 4).

Adams beklemtoon verder dat die Heilige Gees en die Woord nie geskei kan word nie: 'n pastorale diens sonder die Woord is sonder die Heilige Gees. Om die Heilige Gees te ignoreer, kom neer op 'n ontkenning van die mens se verdorwenheid, terwyl dit die dwaalleer van die mens se wesenlike goedheid bekragtig. Die Heilige Gees werk soewerein: wanneer, waar en soos dit sy welbehae is. Die werk van die Heilige Gees word deur Adams baie sterk as grondslag van sy pastorale metode gestel. Dit moet oral veronderstel word, sê hy, waar hy dit nie self eksplisiet noem nie (Adams, 1973(a), p. 24). En juis omdat hy in die werk van die Gees betrek is, mag die pastor nie slordig en nalatig in sy pastoraat wees nie. Hy moet in volkome gemeenskap met, en ondergeskik aan, die Heilige Gees werk.

Sowel Trimp (1975) as Hielema (Hielema, 1975, p. 233) opper beswaar dat Adams die Skrif soms te simplisties, en dus biblisisties, gebruik. Maar selfs al sou Adams in enkele gevalle op 'n te simplistiese gebruik betrap kan word, is sy *uitgangspunt* vir die gebruik van die Bybel nog skriftuurlik. Hy stel onomwonde dat die Bybel deur die Heilige Gees gebruik word om predikant toereikend toe te rus vir pastorale werk (1976, p. 6). En juis daarom verwerp hy die metode van ekleksie om uit verskillende sielkundige en psigiatryse modelle 'n metode vir die pastoraat saam te stel. Wanneer so 'n metode nuut is of verskillend van wat die Skrif gee, dan is dit verkeerd; as

dit nie nuut is en nie van die Skrif verskil nie, is die ekleksie oorbodig, sê Adams.

Hy stel as voorwaarde dat die Skrif altyd ooreenkomstig sy eie doel, sy telos of skopus, gebruik moet word (1973(a), p. 50; 1976, p. 17). Die Bybel is die volkome Woord van God, „asof God dit fisies en hoorbaar gespreek het met asem” (1973(a), p. 92, 93).

Om die Bybel in die nouthetiese konfrontasie te gebruik, behels volgens Adams die interaksie van ten minste vyf essensiële faktore (1976, p. 17):

- ’n Bybelse begrip van die persoon se probleme;
- ’n duidelike skrifgedeelte, en die betrekking daarvan op die probleem en die oplossing;
- ’n korrespondering van die mens se probleem en God se oplossing;
- ’n formulering van die Bybelse plan van aksie wat lei tot uitvoering van God se wil;
- ’n verbintenis tot die Bybelse aksie deur die betrokke.

Adams is ootmoediglik daarvan bewus dat die doelbewuste werk aan ’n Bybelse pastorale metode pas begin het. Hy waarsku lesers van sy werke om wakker te loop, daar is verrotte planke en ander ontbreek! Maar hy is wel verseker, sê hy, daar is ’n aantal Bybelse planke wat stewig is. Daarom nooi hy ander gelowiges om deel te neem in die grootse taak om ’n Bybelse pastorale metode uit te bou (1973(b), p. 92).

Hierby wil ek my taak aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk en die PU vir CHO graag aansluit.

5. ENKELE VERKENNINGSLYNE VIR DIE TOEKOMS

5.1 Pastoraal binne die organisme van die wetenskap

Die verhouding van Bybel en wetenskap word in artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis duidelik gestel. Die Bybel is aan ons nie net tot ons saligheid gegee nie, maar in die eerste plek tot eer van God. En God word geëer daarin dat ons Hom reg ken in sy „skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos ’n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, soos die apostel Paulus sê in Romeine 1:20. Ten tweede maak Hy Homself nog duideliker en meer volkome bekend deur sy Heilige en Goddelike Woord”.

Die algemene openbaring is dus God wat skryf, of: God wat praat. Dit gaan in die wetenskap, in die lig van God se Woord, in alle vertakkinge, om kennis, om verstandelike wete van God se Selfopenbaring. Die ganse wetenskap is een organisme van die kennis van die *Een Lewende en Werkende God*. Dit is die diepste sinvolheid van Christelike wetenskap. Daarvoor eis Christus die mens op, sy liefde nie alleen met sy hart nie maar ook met sy verstand. Die hart word immers bereik deur die verstand.

Tussen Christelike menswetenskappe en die Pastoraal kan daar wisselwerking wees. Hulle ontmoet mekaar nie alleen in dieselfde objek, die mens nie, maar ook in dieselfde Subjek, die lewende God. Die Pastoraal kan profytlik kennis neem en gebruik maak van die empiriese gegewens van die Christelike Sielkunde, Psigiatrie, Psigoterapie, Sosiologie, Opvoedkunde, Volkekunde — ja, van die ganse wetenskapsorgnisme in al sy vertakkinge. Nooit om aan die empiriese metodes van die wetenskappe verslaaf te word nie, maar om in die toepassing, die applicatio, van die pastorale bediening van die Evangelie van Jesus Christus besig te wees met die lewenswerklikheid van die gelowiges.

Dit is nie alleen die teoloë wat „dankbaarder” (De Klerk, 1974, p. 11) daarvan moet kennis neem dat en waar die Psigologie die Skrif bevestig nie. Die omgekeerde is ook waar. Die Pastoraal moet vir die Psigologie dien as gids om in Christelike wetenskapsbeoefening die Bybelse psigologie van die geloof te herken.

Geloof is nie maar net nog 'n natuurlike funksie van die mens nie. Geloof is 'n gawe van God (Ef. 1 en 2) aan sy kinders, 'n nuwe skepping van die Heilige Gees in die mens (Joh. 3), sodat dié mens 'n nuwe skepsel word (2 Kor. 5:17; Gal. 6:15). Hierdie geloof is nie psigies identies met die mens se vermoë tot vooringenomenheid nie. Hebreërs 11 weerspreek so 'n algemeen menslike opvatting van geloof. Die ongeloof, dit is die sogenaamde „geloof” van die ongelowige, is vooringenomenheid (Rom. 1:18-32). Geloof in die Bybelse sin is radikaal van 'n ander aard as aanvaarding van aksiomas. Dit is 'n lewende gemeenskap van die kind van God met die Opgestane Christus (Gal. 2:20; Fil. 4:13; 1 Petr. 2:4, 5), die Middelaar tussen God en die mens. In die geloof lewe kragte wat die Heilige Gees werk, wat Hy in die wil van die mens uitstort (*Dordtse Leerreëls*, III & IV, 11, 12), waarvan net die Bybel weet (Rom. 8:1-11. Vergelyk Versteeg (1971, p. 383). In die Bybel gaan kennis van die geloofssielkunde voor ons oop. Ver al die boek van die Psalms is 'n veld van ondersoek waaraan die Pastoraal nog skaars geraak het. Dit wag, dit roep om indringende studie. Wie maar Psalms 1, 28, 32, 42 en 73 aandagtig lees, sal al oortuig wees van die nood-

saak van die studie vir die Pastoraal.

5.2 Die pastoraat is ook op die organiese eenheid en lewe van die gemeente gerig

Tradisioneel word Pastoraal omskrywe as die wetenskap van die bediening van die Woord aan die enkeling. Ook Adams sluit hierby aan deur, uitgaande van die Amerikaanse „counseling”-metode, die pastoraat op die ontwrigte en hulpsoekende enkeling te rig. Die fokus op die enkeling is Bybels (1 Kor. 6:12-20) maar eensydig. Die Pastoraal mag nie uit die oog verloor nie dat die gemeente 'n organiese eenheid is, 'n liggaam wat in gemeenskap met sy Hoof, Jesus Christus, lewe. Die Bybel stel die organiese eenheid van die gemeente net so belangrik as die individualiteit van die lidmaat (1 Kor. 12:12-28). Die omgekeerde is ook waar. Wat is 'n lid sonder 'n liggaam? En hoe kan 'n liggaam bestaan sonder lede? Daarom is dit die taak van die Pastoraal om metodes vir die pastoraat vas te stel om die *kudde* te lei sodat die gemeenskap van die geloof in die werklikheid van die lewe ontplooi.

Omdat die eenheid van die gemeente organies is, kan die metode van pastorale bediening nie meganies deur soveel en nog meer kommissies geskied nie. Ook nie deur afsonderlike jeug- en susters en manneorganisasies nie. Die basis is: opbou en ontplooiing van die organiese lewenskrag van die gemeente. Dié lewenskrag is die liefde in die eenheid van die geloof. Paulus stel dit in Ef. 4, die hoofstuk oor die organiese opbou van die gemeente, dat ons „terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam — goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate — die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in die liefde” (Ef. 4:15, 16).

'n Kerk waarin die lidmate die *rustende* „vennote” en die kerkraad die *aktiewe* „vennote” is, sal nie die stryd wat rondom ons aan die opbou is, oorlewe nie (vergelyk Witt, 1972). Nie omdat God nie sy kerk teen die poorte van die hel kan en sal handhaaf nie, maar omdat God sy kerk as 'n lewende organisme in 'n lewende eenheid met sy Hoof Jesus Christus handhaaf, 'n liggaam waarvan die gelowige 'n lewende lid is. Die wydverspreide verlange na 'n daadwerklike gemeenskap van die gelowiges in die kerke beklemtoon die taak van die Pastoraal om die kerk as 'n lewende eenheid weer in sy blikveld te kry en by sy metodologie in te sluit.

5.3 Pastoraat is Evangeliebediening

Die konsentrasie in die pastorale metodologie op die enkeling laat die aksent val op die verdwaalde, die gevallene. In die terme van die Pastorale Psigologie heet dit „enkelingerigtheid en dieptepastoraat” (De Klerk, 1975, p. 56, 81). ’n Mens wil vra: wat is dieper as die verkondiging van die Evangelie? en mag die pastoraat ooit vlakker wees? As gevolg van sy betrokkenheid in die Amerikaanse „counseling”-praktyk, waar die hulpbehoewende die pastor opsoek vir beraad, het die pastoraat vir Adams hoofsaaklik vermaning of berisping geword. Om die rede noem Trimp (1975, p. 113) dit ’n „monorail”-pastoraat.

Die metode van die pastoraat word in die Nuwe Testament deur ’n wyer spektrum van woorde bepaal as alleen die nouthetiese konfrontasie waarop Adams konsentreer. Die Nuwe Testament het die volle spektrum van die menslike lewe in die oog en dui daarom ’n rykdom van pastorale metodes aan om die een Evangelie van verlossing te verkondig.

Adams verwys meermale na 2 Tim. 3:16, waar ander woorde as noutheteo voorkom vir die bediening van die Evangelie, naamlik lering, weerlegging, teregwyding, onderwysing. En in 1 Thess. 5:14, 15 word naas die berispende vermaning (noutheteo) van die onordelikes ook genoem: „bemoedig die kleinmoediges, ondersteun die swakkes, wees lankmoedig teenoor almal, sorg dat niemand ’n ander kwaad vir kwaad vergeld nie, jaag altyd na wat goed is teenoor mekaar sowel as teenoor almal”. ’n Pastor is beslis nie net ’n boetprediker nie, selfs nie in die eerste plek ’n boetprediker nie. Hy is immers ’n getuie van die Blye Boodskap.

Wanneer Paulus die pastorale sorg aan die broeders volbring, kwalifiseer hy sy eie optrede met ’n werkwoord wat ook prominent in die Nuwe Testament voorkom. Dit is „parakalein”, wat in Afrikaans net soos „nouthetein”, meestal met ‘vermaan’ vertaal word. „Parakalein” word, na sy volle inhoud, die beste vertaal met *troos* of *bemoedig*. In die pastoraat moet die vertroostende en bemoedigende verkondiging van die Evangelie as die dominante, naas die berispende, gestel word.

Die vertroostende of bemoedigende metode in die pastoraat fokus op die positiewe verkondiging van die Evangelie, op die lokkende krag van die Woord van God. Die objek is die selfmishaende, die ellendige, die wankelmoedige gelowige. Die Subjek is God. Ware troos kom van God (Jes. 40:1; 57:18 – *paraklésis aléthiné* in LXX). Uit ander oorde kom „troos met wind” (Sag. 10:2). Sprekend gebruik Johannes vir die troos van die Jode aan Martha en Maria (Johm. 11:19) nie „parakalein” nie, maar „paramuthesoontai”, wat kalmeer beteken. Sonder die Evangelie kan ’n mens

slegs kalmeer, nie troos nie.

God troos soos 'n moeder (Jes. 66:13). Hy doen dit deur sy Kneg, Jesus Christus (Jes. 61; Luk. 4). En dit is besonderlik die taak van die Heilige Gees, die Trooster, wat van die Vader en die Seun uitgaan om ewig in die gelowige te bly (Joh. 14-16; Rom. 8). As bedienaars van die Woord van God word die profete, apostels en elke pastor 'n trooster.

In die Nuwe Testament het „parakalein” 'n inhoud wat bepaal word deur die Griekse vertaling van Jesaja. (Vergelyk Otto Schmitz, s.v. *parakaleo*, in Kittel & Friedrich, vol. v).

(i) Dit word in Handelinge gebruik veral in die sin van die lokkende werking van die Evangelie, 'n vermaning om in die geloof te bly (Hand. 2:40; 11:23; 14:22). In 2 Kor. 5:20 staan „ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen” as die sentrale boodskap van die Evangelieverkondiging. Dit is 'n nadere verklaring van die voorafgaande „asof God deur ons vermaan” („parakalountos”). „Parakalein” beteken „'n beskeie, vriendelike en tog dringende” (Grosheide, 1949, p. 85) aanmaning. Die positiewe karakter van „parakalein” kom nog duideliker uit as ons in 1 Tim. 5:1 lees dat dit in direkte teenstelling staan met „bestraf”, en in 2 Tim. 4:2 dat dit in lankmoedigheid moet geskied.

(ii) Die vriendelike aanmoedigende Evangelieverkondiging is tog nie sonder gesag nie. Dit blyk uit 2 Kor. 5:20: „asof God deur ons vermaan”. „Asof” beteken hier 'daar'; dit wil sê: dit lyk asof dit maar ons is wat vermaan, maar dit is werklik God wat met die Evangelie van versoening vermaan. Daarom geskied die parakletiese verkondiging om God te behaag en nie om mense met vleitaal te bedrieg nie (1 Thess. 2:3-5). Dit is 'n aanmaning „in die Naam van Christus” (Til. 2:1; 1 Thess. 4:1; 2 Thess. 3:12; 1 Kor. 1:10); „in die Naam van Jesus Christus en die liefde van die Gees” (Rom. 15:30); „by die sagmoedigheid en vriendelikheid van Christus” of „by die ontferminge van God” (Rom. 12:1).

Die inhoud van „parakalein” is die Evangelie, die Blye Boodskap van God se liefde en genade in Jesus Christus. Wie na dié troos van die Heilige Gees nie luister nie, sal nie luister nie, want die Heilige Gees is die Trooster, die Getuie van Jesus Christus (Joh. 15:26). En die Gees word aan die getuies van Christus gegee sodat hulle krag sal hê (Hand. 1:8).

U sal begryp, ek kon maar net raak aan die heerlike perspektiewe wat die Heilige Skrif vir ons ontsluit in die parakletiese pastorale metode, wat saam met die nouthetiese metode maar twee helder kleure is in die reënboog van God se genadewerk as die Pastor van sy kerk.

Die weg wat hiermee ingeslaan is, die meta hodos, is die enigste weg vir

die Pastoraal as Teologiese wetenskap. Die Teologie het as eerste en bepaalde metode die eksegeese van die Skrif. Die Pastoraal is 'n selfstandige teologiese wetenskap. Dit het sy eie toepassing in die pastoraat, en die pastoraat het 'n eie Bybelse metode.

Met die Pastoraal as voorbeeld het ek 'n standpunt gekies met betrekking tot al die Amptelike Vakke. Net so min as wat Pastoraal teologiese toepassing van die Psigologie of praktiese toepassing van die Kerkreg is, net so min is Kategetiek dit van Opvoedkunde of Dogmatiek, en Homiletiek van Dialogiek of Eksegese. Die Amptelike Vakke is Teologie; en Teologie in eie reg met 'n eie toepassingsmetode onder opdrag van die Enige Hoof van die kerk, Jesus Christus ons Here.

In die naspewing van die dienswerk wat die Hoof van die kerk aan ons oplê, in die uitbou van 'n Bybelse metode vir die Pastoraal en die pastoraat, neem en erken ek u, studente, as medewerkers.

Ek staan by die aanvang van die oorweldigende, heerlike roeping — oorweldigend in die perspektiewe wat die Skrif open, heerlik in die wete dat ons so medewerkers is van God, die Vader, Seun en Heilige Gees.

As ek iets van die ontroering vir u gees, en iets van die rykdom vir u geestesoë kan ontsluit, sodat u daardeur gelok en bemoedig en besiel en verootmoedig word om herders te wees van die kudde wat Christus met sy bloed tot sy eiendom verkry het — dan sal ek 'n deur God geseënde dienaar wees.

LITERATUURLYS

ADAMS, J.E. 1972. The big umbrella. Nutley, N.J., Presbyterian and Reformed Pub. Co.

ADAMS, J.E. 1973(a). Competent to counsel. Nutley, N.J., Presbyterian and Reformed Pub. Co.

ADAMS, J.E. 1973(b). The Christian counselor's manual. Nutley, N.J., Presbyterian and Reformed Pub. Co.

ADAMS, J.E. 1976. The use of the scriptures in counseling. Nutley, N.J., Presbyterian and Reformed Pub. Co.

BENOIT, J.D. 1947. Calvyn als zielzorger. Nijkerk, Callenbach.

DE KLERK, W.J. 1964. Wending? Vernuwingsaspekte oor die Gereformeerde kerkpraktyk. Potchefstroom. Pro Rege.

DE KLERK, W.J. 1975. Pastorale sensitiviteit; fragmente uit die pastorale psigologie. Johannesburg, Perskor.

FABER, M. 1958. Pastorale verkenninge; een ondersoek naars gevoelsrelaties in het pastorale gesprek. 's-Gravenhage, Boekencentrum.

FERNHOUT, J.G. 1951. Psigotherapeutiese zielzorg; een theoretiese beskouing. 2e dr. Baarn, Bosch & Keuning.

GOULOOZE, W. 1950. Pastoral psychology; applied psychology in pastoral Theology in America. Grand Rapids. (Proefskrif – Vrije Universiteit van Amsterdam).

GROSHEIDE, F.W. 1939. Tweede brief van den apostel Paulus aan die kerk te Korinthe. (*In* Greijdanus, S., Grosheid, F.W. & Van Leeuwen, J.A.C. Kommentaar op het Nieuwe Testament. Amsterdam, Van Bottenburg. Bd. 8).

HIELEMA, J.A. 1975. Pastoral or Christian counseling; confrontation with American pastoral Theology. Leeuwarden, De Tille.

JONKER, W.D. 1968. Theologie en praktyk. Kampen, Kok.

JONKER, W.D. 1976. Die woord as opdrag. Pretoria, N.G. Kerk-Boekhandel.

KITTEL, G. & FRIEDRICH, G. eds. 1964-1970. Theological dictionary of the New Testament. Grand Rapids, Eerdmans.

LLOYD-JONES, D.M. 1964. Spiritual depression, its causes and cure. London, Pickering & Inglis.

OUTLER, A.C. 1959. Psigotherapie en Evangelieverkondiging. 's-Gravenhage, Boekencentrum.

RIDDERBOS, S.J., *et al.* 1973. Psigiatry en teologie in gesprek. Kampen, Kok.

SMIT, W.A., 1960. Pastoraal-psigologische verkenning van die client-centered therapie van Carl. R. Rogers. Kampen.

TRIMP, C. 1975. Pastor en medikus. *De reformatie*, 50(15):113-114, 18 Jan.

VAN DER SCHOOT, E. 1959. Hoofdstukken uit de pastorale psigologie. Utrecht, Bijleveld.

VAN DER WALT, B.J. 1977. Is liturgie belangrik? *Die Kerkblad*, 81(2400):8, 18 Mei.

VERSTEEG, J.P. 1971. Christus en de geest. Kampen, Kok. (Proefskrif – Vrije Universiteit, Amsterdam).

WAGENAAR, L.G. 1959. Over een Amerikaanse wijze van pastoraat. 's-Gravenhage, Boekencentrum.

WITT, E.N. 1972. Can the church make it? Nashville, Nelson.